



**DIE EKUMENE PORTEFEULJE NOOI JOU
UIT NA 'N VERNUWINGSKONFERENSIE
26-28 JANUARIE 2018
LINDENPARK GEMEENTE**

Vrydagaand:

Dr. Barry Tolmay bespreek hoe die kerk dááruit sal sien teen 2037

Saterdag:

- Wat sou die uitdagings van die kerk wees teen die agtergrond van die bespreking van Vrydagaand
- Dr. Barry Tolmay en Ds. Danie Mouton bespreek verskillende aspekte wat 'n rol speel

Sondag:

Vernuwende Erediens

Bespreek: Stuur 'n epos met u kontakbesonderhede aan Natassja Marais by pa@ngkhoeveld.co.za (011 975 8220)

Sperdatum: 22 Januarie 2018

Korrespondensie gestuur:

- Sien asseblief die kommentare aan u gestuur op 31 November 2017 ten opsigte van die **2017 Uitspraak oor godsdienste in skole**.
- 'n Inligtingsdokument rakende die **Skolewet - Spertyd vir menings**, is op 31 November 2017 aan u gestuur.



***Mag vrede jou kersgeskenk
wees en jou seëning deur
die jaar.
Beste wense vir die Kers
Seisoen.
NG Sinode Hoëveld***

Life is but a stopping place,
A pause in what's to be,
A resting place along the road
To sweet eternity.

We all have different journeys,
Different paths along the way,
We all are meant to learn some things,
But never meant to stay...

Our destination is a place
Far greater than we know.
For some, the journey's quicker,
For some, the journey's slow.
And when the journey finally ends,
We'll claim a great reward
And find an everlasting peace,
Together with the Lord.

In Memoriam

Ds Gerhard Koen se seun Paul is hierdie week op die ouerdom van 46 jaar en agt maande oorlede.

Hy is vroeër vanjaar met blaaskanker gediagnoseer.

Die Andrew Murray gemeenskap leef in hierdie tyd aktief met Gerhard en hulle familie mee. In sulke tye beseft mens die waarde van verhoudings, die vlugtigheid van die lewe en die lewensnoodsaaklike belangrikheid van liefde.

Gerhard, namens almal by Andrew Murray, die Ring van Johannesburg en die NG Sinode Hoëveld, ons innigste simpatie. Jy is vir ons baie kosbaar en ons het ontsettend baie respek vir jou.



The poster features a yellow background with falling confetti and hanging Christmas ornaments. At the top center is the MES logo in a stylized, bubbly font, with the tagline 'Changing the heart of the city!' in a dark blue box below it. The text 'MES Kempton Park presents' is centered above the main title 'Christmas Street Serenade in the heart of the city', which is written in a large, elegant cursive font. Below the title, the date 'Thursday, 7 December 2017' is written in a similar cursive font. At the bottom, the starting point and time are listed: 'Starting point @ MES Kempton Park offices, 6 Kempton Road | 18h00-20h00 | 18h00-20h00'. A note states '- Tea & coffee with a light snack will be served afterwards -' and provides contact information: 'For more information please contact: Luwanda Conco (011) 024-4580, luwanda@mes.org.za'. The bottom of the poster shows a silhouette of a city skyline with a train and a heart shape.

MES
Changing the heart of the city!

MES Kempton Park presents
Christmas Street Serenade
in the heart of the city


Thursday, 7 December 2017

Starting point @ MES Kempton Park offices, 6 Kempton Road | 18h00-20h00 | 18h00-20h00
- Tea & coffee with a light snack will be served afterwards -
For more information please contact: Luwanda Conco
(011) 024-4580, luwanda@mes.org.za

NG STUDENTEGEMEENTE BLOEMFONTEIN BIED AAN:

Kougom

Eerstejaarskamp



Wanneer:
28 JAN -
1 FEB 2018

Waar:
RETJEF
KAMPTERRAIN

Kostes:
R890

Kontak ons:

- ☎️ Rachelle Greef (Voorsitter) - 078 244 8628
- ☎️ Wilmarie Vorster (Sekretaresse) - 071 465 9006
- ✉️ kougomkamp@gmail.com

www.kougom.studentekerk.org kougom eerstejaarskamp kougomkamp

Alle voornemende eerstejaars 2018

Ons nooi jou graag uit na die kamp van jou lewe - Hier gaan jy vriende vir die lewe maak, van jou grootste verwagtings ontmoet, en ook 'n paar uitdagings in die gesig staar! (Moenie bekommerd wees nie - ons glo nie in ontgroening nie!)

Kougomkamp 2018 se tema is **Kruispad** - Ons glo dat jy op hierdie stadium van jou lewe voor ongelooflike groot keuses staan--

Wat gaan ek swot? Waaraan stel ek myself bloot? Hoe vry is ek werlik, en wat beteken dit? Hoe lyk my trouman/vrou? Waar is God in hierdie ongelooflike ervaring, en hoe eer ek Hom hierin? Draai jy links of regs of vorentoe by hierdie kruispad keuses?

Hierdie kamp wil jou help om 'n stewige fondasie te gooi vir 2018, sodat jy student kan wees in die volle sin van die woord - Met die wete dat God reeds daar is waar jy oor n paar maande gaan wees!

Skryf asseblief aanlyn in:
<http://goo.gl/forms/yOq57jWvgVmQdLKP2>

Vir meer inligting, kontak Wilmarie Vorster:
074 465 9006



#imagine

5th ANNIVERSARY

6-8 APRIL 2018

SAVE THE DATE

TEENANGERS AGED 13 - 18 YEARS | VOLUNTEERS AND GROUP LEADERS OF ALL AGES ARE WELCOME

STELLENBOSCH KRUIKERK | MOEDERKERK BIED AAN

#eerstejaarskamp

2018

EK IS

21-24 JANUARIE | KOSTE R750

Skryf in by www.kruiskerk.com/eerstejaarskamp2018 | Inskrywings sluit 8 Januarie 2018

21 JANUARIE 10:00 Registrasie: Kruiskerk, Ryneveldstraat, Stellenbosch
11:00 Verwelkomingsdiens saam met die ouers

☎️ 021 883 3458 📠 072 969 5915 ✉️ kamp@kruiskerk.com
🌐 www.kruiskerk.com 📺 /kruiskerkeerstejaarskamp




**Spesiale Kersprogram met
Jannie du Toit**

Sondag 3 Desember
17:30
NG Weltevreden
Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark

Toegang is gratis, almal is welkom!



KAN JY VISVANG?



Ons daag jou uit, om ons te kom wys hoe vang jy vis..

Familie Gemeente NGK Boksburg Wes

Waar wys jy ons: Vaal Vakansie Oord (Villiers Langs die staalbrug.)

Wanneer? 2 Desember 2017

Hoelaat? 07h00 tot 15h00

Koste: R100 pp Kompetisie & R50 pp Hek Toegang

Pryse:
Grootste Karp - R2000.00
Grootste Baber - R2000.00
Swaarste Sak - R1000.00

Kaartjies by die hek beskikbaar & klub reels geld

Laat weet asb. vroegtudig hoeveel hengelaars is in jou groep.

Besprekings of verdere inligting:

Dirk Strydom: 073 458 9621
dirkstrydom13@gmail.com



Cheddar en Gouda in Betlehem

'n Kersfees-produksie vir jonk en oud

PIERNEEFTEATER, PRETORIA

7 Desember
2017

10:00



R65volw / R55 kinders

BESPREKINGS JOPIE 0724605568 OF CARLIZE 0825775656

Die immer-gewilde Kersfeesproduksie: Cheddar en Gouda in Betlehem ('n Kersspel-pantomime met Ds Henry Stopforth en sangeres Maryna Knoesen) is 'n moet vir almal om te sien. Dit is met groot sukses opgevoer en daarom toer Cheddar en Gouda ook nou na die Pierneefteater in Pretoria op 7 Desember 2017 om 10:00. Hierdie produksie is vir oud en jonk (die kinders geniet dit vreeslik) en vertel die lewensveranderende boodskap van Kersfees op 'n vars en vrolike manier met prettige toneel en betowerende sang deur die baie talentvolle Maryna. Die terugvoer na die eerste optrede was oorweldigend en mense kan nie ophou praat oor die produksie nie. Kaartjies is slegs R65 vir volwassenes en R55 vir kinders en kan bespreek word by Carlize 0825775656. Ek kan werklik sê dat dit sang uit 'n ander wêreld is en dat die Evangelie en Bybel-boodskap suiwer hierdeur uitgedra word. Sowaar 'n produksie tot eer van God.

Lees in die laaste Kerkbode van 2017 ...

Kerkbode van 1 Desember stel 29 nuwe proponente aan die kerk voor: entoesiastiese en bekwame voornemende predikante uit Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. Beroep hulle!

Daarby vertel Kerkbode hoe die belydenisaflegging van 'n multigestremde jong vrou in die gemeente Pretoria-Dowes konkrete gestalte gegee het aan die gemeente se jaartema: God se liefde vir almal.

Lees ook oor Bonaeropark se Gratis Basaar, die vraag of Martin Luther 'n held was of nie, en oor teologiese opleiding vir 'n missionale bediening.

Charlotte Sibanyoni, teologiestudent van die NG Kerk, skryf oor haar ideaal dat die kerk 'n brug moet wees, en Mariëtte Odendaal het vir Annalise Wiid vertel hoe Afrika haar verryk het.



Totsiens 2017 ... en Welkom 2018!!

Die laaste kwartaal van 2017 is byna verby. Dit was 'n jaar propvol besondere momente. Bybel-Media wil graag dankie-sê aan elkeen wat meegewerk en gehelp het om dit 'n besondere jaar te maak.

Dankie ... vir gemeentes se ondersteuning, lidmate se betrokkenheid, vir baie geleenthede om by gemeentes, sinodes en groepe Bybel-Media se aktiwiteite, publikasies en produkte te kon bekendstel.

Indien gemeentes inligtingspamflette, katalogusse of ander inligting verlang om op 'n gegewe Sondag in 2018 aan lidmate beskikbaar te stel, skakel BM vroegtydig, dan kan ons die nodige reëlings tref.

Van die leraars wat by BM in diens is, is ook beskikbaar vir 'n preekbeurt en inligtingsessie in jou gemeente. Skakel vroegtydig om só 'n afspraak te finaliseer.

Skakel 021 864 8223 of e-pos na: hans@bmedia.co.za - ek help graag.

Jongste Jeugfokuspublikasies ... vir 2018

Besoek die webtuiste:

www.bybelmedia.org.za

klik op winkel en sien die reeks nuwe jeugfokuspublikasies wat in Januarie 2018 beskikbaar sal wees. Moontlik is dié inligting vir die nuwe jaar se kategeese (geloofsvorming) baie handig.

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

[Klik hier](#) vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS



'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is [hier](#) beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

[Klik hier](#) vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES



[Klik hier](#) vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
Uitkoms Tehuis	Administratiewe Beampte	11 Desember 2017
Tutela Gesinsorg Standerton	Maatskaplike Werker Maatskaplike Hulpwerker	20 Desember 2017
NG Kerk Vrystaat (Sinode)	Dosent in Teologie - Justo Mwale Universiteit	15 Januarie 2018
NG Kerk Vrystaat (Sinode)	Sendeling - Missie Japan	31 Januarie 2018

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, [klik hier](#).

GEBEURE

In 'n neutedop...

DESEMBER

2 | Visvang Kompetisie
Boksburg-Wes

3 | Spesiale Kersprogram met Jannie
du Toit
NG Weltevreden

7 | Kersspel Cheddar en Gouda in Betlehem

7 | Christmas Street Serenade
MES Kempton Park

Die 2018 Kerkkalender is hier beskikbaar.



SINODESITTING 2018

Hiermee word u amptelik in kennis gestel dat die Sinodale Dienskommissie (SDK) goedgekeur het dat die twee-en-twintigste gewone vergadering van die NG Kerk van Suid-Transvaal (NG Sinode Hoëveld) DV gehou sal word vanaf Maandag 15 Oktober 2018 tot Vrydag 19 Oktober 2018.

Die steunspan begin met die voorbereidingsdag op 15 Oktober 2018 met die amptelike opening van die sinode op 16 Oktober 2018.

Verdere reëlins sal later volg.

Groete in Christus.

Prof. AS (Bertus) Koorts
Scriba Synodi



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbriëf plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



BESOEK ONS OOK OP FACEBOOK

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgedhou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbriëf skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.